# Manifes:

DIE HEMELVAART VAN CHRISTUS – 'N OPENBARE BELYDENIS VAN SY TROONHEERSKAPPY

Lig in Duisternis
UITGEWERS

## INLEIDING: ONS BELY MET OORTUIGING:

*Jesus Christus is verhoog en sit aan die regterhand van God die Vader.*

Hierdie waarheid – die hemelvaart – is nie maar net 'n liturgiese viering nie, maar 'n lewensbepalende, kultuurveranderende en wêreldveroordelende werklikheid. Dit is die hartklop van ware geloof, ware kerkwees en ware regering. Hierdie manifes roep alle skole, instellings, gemeentes en owerhede op om Christus se hemelvaart openlik te erken en prakties te eer.

**1**

**Hemelvaart is die grootste troonsbestyging in die geskiedenis.** Die verhoging van Jesus Christus is nie 'n mistieke of simboliese gebeure nie, maar die begin van die enigste en ware nuwe wêreldorde. Die laaste Adam, die seun van die mens, het in heerlikheid opgevaar (Dan. 7:13-14), en alle mag is aan Hom gegee (Mt. 28:18). Daarom moet elke sogenaamde nuwe orde, van ideologieë

Ons verklaring: *Ons erken en bely dat Jesus Christus op die troon is en dat geen gesag, instelling of ideologie Hom kan onttroon nie.*

**2**

**Hemelvaart is 'n politieke en openbare gebeurtenis.** Psalm 2 en 110 leer ons dat Hemelvaart 'n direkte uitdaging aan wêreldmagte en regerings is. Wanneer Christus nie as Koning erken word nie, neem die staat of 'n ander mag daardie plek in. Die gevolge is onreg, chaos en ontkerstening van die openbare ruimte.

Ons verklaring: *Ons verwerp enige beweging wat van die staat of owerheid 'n afgod maak en wat homself opstel bo die troon van Christus, en ons pleit vir 'n samelewing waarin owerhede en regerings Jesus Christus as Hoof van alle gesag erken* (Ps. 2:10-12; NGB Art. 36).

**3**

**Hemelvaart gee 'n anker en mandaat aan die kerk.** Die kerk wat Hemelvaart verstaan, is 'n kerk wat deur die Heilige Gees met moed bekragtig is en daarom met durf. Dit is daarom 'n kerk van wêreldwyding, nie "wêreldvermyding" nie. Die Gees is uitgestort omdat Christus verhoog is (Hand. 2:33), en daarom mag die kerk met gesag preek, bid, dien en leef.

Ons verklaring: *Ons roep gemeentes, Christelike skole en organisasies op om Hemelvaart aktief te vier, te onderrig en as grondslag van hul roeping te bely.*

**4**

**Hemelvaart beklemtoon die waarde van menswees en gelowiges se heerlike eindbestemming.** Jesus Christus neem nie net sy Goddelike natuur hemel toe nie, maar ook ons menslike natuur . Daarom bevestig Hemelvaart dat gelowiges nie net een keer leef nie, maar net een keer sterf – en nou reeds leef om saam in Hom te heers wat reeds daar gegaan het waar niemand anders kon nie (Efés. 1).

Ons verklaring: *Ons bely die waarde van menswees, die hoop op die opstanding met 'n verheerlikte menslike liggaam, en die ewige koningskap van Jesus Christus oor alle dinge vir tyd en ewigheid.*

**5**

**Hemelvaart bevestig die mag van gebed en die teenwoordigheid van die troon.** Omdat Jesus Christus aan die regterhand van die Vader sit, het ons vrymoedigheid om te bid, te werk en met gesigte wat blink die wêreld in sy Naam binne te stap (Joh. 16:24; 2 Kor. 3:12).

Ons verklaring: *Ons roep opvoeders, kerkleiers, ouers en leerlinge op om die waarheid van Hemelvaart te leer ken as 'n bron van krag en gebedsmoed in die daaglikse lewe.*

**Slotverklaring:** Die uitskakeling van Hemelvaartdag op openbare kalenders weerspieël nie neutraliteit nie, maar rebellie teen die ware Koning. Hierdie manifes roep alle Christene op om die hemelvaart van Jesus Christus openlik en herhaaldelik te bely – in skole, gemeenskappe, families, kerke, instellings en owerheidsinstellings.

## ONS PUBLIEKE GELOOFSVERKLARING:

Jesus Christus is verhoog. Hy is Here. Aan Hom behoort die heerskappy, die mag en die heerlikheid – nou en vir ewig. Amen.

HEMELVAARTMANIFES
'N OPENBARE BELYDENIS VAN TROONHEERSKAPPY